

9. GROEPERINGSKRITERIA VIR OPLEIBARE GEESTELIK VERTRAAGDE DOWNSINDROOMKINDERS

9.1 Inleiding

Vraelysresponse met betrekking tot die groeperingskriteria wat in die verskillende sentrums gebruik word, sal eerstens in tabelvorm weergegee word. Vervolgens sal elkeen van hierdie kriteria afsonderlik bespreek word deur 'n uiteensetting te gee van vraelysresponse, te verwys na enkele aanmerkings hieroor uit die literatuur en dan tot 'n gevolgtrekking te kom.

In die volgende gedeelte sal vraelysresponse ten opsigte van die vergelyking van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders en nie-Downsindroom opleibare geestelik vertraagde kinders met betrekking tot visueel-motoriese, selfsorg vaardighede, skolastiese werk en sosiale aanpassing uiteengesit word. Hierna sal navorsingsresultate van 'n reeks studies in hierdie verband aangebied word. Die afsonderlike response in die vergelyking van Downsindroomkinders en nie-Downsindroomkinders sal hierna bespreek word.

Derdens sal response ten opsigte van bepaalde kriteria, wat deur verskillende sentrums gebruik word vir bevordering van alle opleibare geestelik vertraagde kinders na die volgende klas of groep, uiteengesit en bespreek word. In die laaste gedeelte sal daar afleidings gemaak word met betrekking tot groeperingskriteria vir opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders.

9.2 Groeperingskriteria vir die opleibare geestelik vertraagde kinders

Vir sekere opleidingsentrums dra bepaalde persoonlikheidseienskappe en vaardighede van die opleibare geestelik vertraagde kind groter klem in die keuse van kriteria waarvolgens die kinders in groepe ingedeel word; daarom

is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Watter groeperingskriteria word aangewend om die kind met Downsindroom en al die ander opleibare geestelik vertraagdes (I.K. 30 - 50) in groepe in te deel?" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 3). Die response op hierdie item word in tabel 9.1 weergegee (kyk p. 94).

Tabel 9.1

Groeperingskriteria in gebruik by die verskillende sentrums

Dagsentrum	Chronologiese ouderdom	Verstandsouderdom	Intelligensie kwosiënt	Visueel-motoriese vaardighede	Sosiale aanpassing
1. Alexandra School	x	x	x		x
2. Casa Do Sol	x				
3. Eljada Sentrum	-	-	-	-	-
4. E.S. 1e Grangeskool	x			x	x
5. Eureka Sentrum		x			
6. The Gateway	x	x	x	x	x
7. The Hamlet				x	
8. Horison Skool vir vertraagdes		x		x	x
9. Janie Schneider	x			x	
10. Jannie Brink Sentrum	x	x	x	x	x
11. Kempton Parkse Skool vir Gestremdes				x	x
12. Lettie Fouché Sentrum	x				
13. McClelland School	x		x		
14. Merryvale Training Centre	x				
15. Muckleneuk Opleidingsentrum	x			x	x

Dagsentrum	Chronologiese ouderdom	Verstandsouderdom	Intelligensie kwosient	Visueel-motoriese vaardighede	Sosiale aanpassing
16. Oasis Association for Retarded Children	x		x		
17. Oosrand Sentrum vir Verstandelik Vertraagdes	x				x
18. Rotara Opleidingsentrum	x	x			
19. San Michele Home	x	x	x	x	x
20. San Salvador	-	-	-	-	-
21. Uitenhage Day Centre	x			x	x
22. Witrand Skool Afdeling	x				x
Totaal	16	7	6	10	11
%	73	32	27	45	50

9.2.1 I.K. as kriterium

Om vas te stel of die I.K.-syfers aan die sentrums bekend is om so as kriterium gebruik te kan word, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Wat was die I.K. van hierdie kinders met sertifisering?" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 2a). Response op hierdie item word hierna in tabel 9.2 weergegee en saam met die response in tabel 9.1 bespreek.

Tabel 9.2

I.K.'s van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders

I.K.	25 - 30	35	40	45	50	55	60	onbekend as gevolg van nie-toetsing	% nie-getoets
Getal Down-sindroomkinders	37	14	16	18	5	3	3	168	64

Uit vraelysresponse (kyk par. 9.2, tabel 9.1) blyk dit dat 27% van die totale aantal respondente intelligensie kwasiënt as 'n belangrike kriterium vir die groepering van alle opleibare geestelik vertraagde kinders in die sentrum beskou. Verdere response (kyk tabel 9.2) toon aan dat die grootste aantal Downsindroomkinders (uit die 36% wat getoets is) in die opleidingsentrums in die I.K.-groep 25 -35 val. Die grootste persentasie kinders in die opleidingsentrums is dus laegraad opleibares. Daar is 64% kinders waarvan die I.K.'s onbekend is as gevolg van nie-toetsing. Een van die volgende twee afleidings kan hieruit gemaak word: of dié kinders is bloot op skoolgaande ouderdom na die opleidingsentrum verwys omdat hulle Downsindroomkinders is; of hierdie 64% kinders is wel deur sielkundiges gesertifiseer as onopvoedbaar op grond van toetsresultate, wat nie aan die opleidingsentrums bekend is nie.

Vir die breë onderskeiding tussen die verskillende kategorieë van vertraagtheid, nl. opvoedbaarheid, opleibaarheid en onopleibaarheid, word die waarde van I.K. erken. Die opleibare geestelik vertraagde resorteer in die I.K.-

groep 30 - 50. Die feit dat twee kinders respektiewelik I.K.'s van 35 en 45 het, het geen waarde met betrekking tot die vraag na die gevorderdheid of agterstand in spesifieke vaardighede nie.

Uit die literatuur word bogenoemde bevindings gestaaf: "The chief weakness of the I.Q. is that it tells you little about the child's mental or educational age" (Wallin, 1924, p. 165). In die navorsing van die Departement van Nasionale Opvoeding in verband met kriteria vir die sertifisering van kinders as onopvoedbaar en onopleibaar, word I.K. as 'n belangrike faktor beskou, maar onder die besef van die beperkinge daarvan as 'n enkele criterium, word navorsing voortgesit om ander kriteria hierby te voeg (Van Niekerk, Simposium te Witrand Inrigting, 1975). Na 'n uitgebreide ondersoek van Segal in Engeland kom hy in 'n verslag tot die volgende gevolgtrekking: "There was, however a marked shift away from the I.Q. as the sole or even the predominant element in a decision to place the child in a special school or class" (1967, p. 99). Rothstein (1961, p. 91) en Tredgold (1952, p. 3) se gevolgtrekkings met betrekking tot die gebruik van I.K. as uitsluitlike criterium, kom bykans woordeliks met dié van Segal ooreen.

Gevolgtrekking

Die I.K. word in die totale persoonlikheidsstruktuur van 'n individu beskou as 'n belangrike voorspeller van skolastiese opvoedbaarheid. Met betrekking tot die opleibare geestelik vertraagde is voorspelling van vordering in bepaalde vaardighede deur middel van 'n intelligensiesyfer egter onmoontlik.

'n Intelligensietoets soos die "Goodenough-Draw-A-Man Test" kan as diagnostiese middel saam met observasie van die kind in 'n skolastiese situasie, 'n goeie riglyn wees vir diagnostisering as opvoedbaar, opleibaar of onopleibaar.

9.2.2 Chronologiese ouderdom as kriterium

Volgens vraelysresponse word chronologiese ouderdom as die belangrikste riglyn vir groepering van opleibare geestelik vertraagde kinders beskou. Van die totale aantal sentrums verkies 73% hierdie kriterium. Die Departement van Nasionale Opvoeding vereis dat geestelik vertraagde kinders in vyf ouderdomsgroepe ingedeel moet word, nl. 3 - 6 jr., 6 - 9 jr., 9 - 12 jr., 12 - 16 jr., 16 - 18 jr. (Van Niekerk, Simposium te Witrand Inrigting, 1975). Die Departement stel dit egter duidelik dat hierdie indeling uitsluitlik op administratiewe en organisatoriese oorwegings berus, maar dit word beklemtoon dat die individualiteitsbeginsel die hoofklem moet dra (Opleidingsprogram vir geestelik vertraagde kinders, Departement van Nasionale Opvoeding, 1975).

Gevolgtrekking

Kinders moet volgens chronologiese ouderdom in groepe ingedeel word. Vergelyking met ander kinders van dieselfde ouderdom, geslag en etiologie word hierdeur moontlik gemaak. Differensiasie binne die groep (veral ten opsigte van die Downsindroomkind) moet baie sterk beklemtoon word.

9.2.3 Verstandsouderdom as kriterium

Hierdie kriterium word slegs deur 32% van die totale aantal sentrums as belangrik vir groepering beskou. Die gebruik van hierdie kriterium vereis nie alleen 'n betroubare meetinstrument nie, maar ook 'n goed opgeleide sielkundige wat die kinders aan periodieke toetsing onderwerp. Indeling van kinders volgens verstandsouderdom word deur die meeste sentrums afgekeur, omdat dit meebring dat een klas of groep uit klein en groot kinders sal bestaan, wat organisatoriese en dissiplinêre probleme kan laat ontstaan.

Uit die literatuur word die indeling volgens verstandsouderdom in 'n groot mate bevraagteken: "A twelve-year-old with a four-year mentality does not require the same treatment as a six-year-old with a four-year mentali-

ty, nor would they fit into the same group" (Wallin, p. 164). As daar gesê word dat die opleibare geestelik vertraagde se verstandsontwikkeling gelyk is aan dié van 'n normale kind op 'n bepaalde ouderdom, is dit nog geensins duidelik in watter vaardighede die kind 'n agterstand of voorsprong het in vergelyking met sy eie ouderdomsgroep geestelik vertraagdes nie.

Gevolgtrekking

Die waarde van enige psigometriese hulpmiddels, wat op 'n populasie met 'n normale verstandsvermoë gestandaardiseer is, vir die toepassing op die opleibare geestelik vertraagde kind en die maak van afleidings uit die resultate, word bevestig. Die kwalitatiewe aspek van die geestelik vertraagde se intelligensie verskil van dié van die normale kind. Die strukturele samehang van die intelligensie van die kind van twaalf jaar (chronologiese ouderdom) met 'n verstandsouderdom van vier jaar en dié een met 'n chronologiese ouderdom van ses jaar en 'n verstandsouderdom van vier jaar, is daarom verskillend. Swart (1964, p. 11) sê: "Dit is opgemerk dat die intelligensiesyfer en kwaliteit dikwels opmerklik van mekaar verskil, en om hierdie rede word dit noodsaaklik geag om die intelligensiebeeld aan te vul".

9.2.4 Visueel-motoriese vaardighede as kriterium

Vanuit vraelysresponse blyk dit dat 45% van die totale aantal sentrums visueel-motoriese vaardighede as 'n belangrike kriterium vir groepering van leerlinge beklemtoon. Daar is bykans geen aspek van die kind se daaglikse lewe waar persepsie en motoriek nie van belang is nie. Die daaglikse program maak deurgaans aanspraak op visueel-motoriese vaardighede (kyk hoofstuk 10).

Gevolgtrekking

Die praktiese kriterium van visueel-motoriese vaardighede word as baie belangrik beskou, maar dan moet die sosiale en taalkundige ontwikkeling,

soos verteenwoordig in die "Vineland Social Maturity Scale"^{x)} van Edgar Doll daarby in berekening gebring word.

9.2.5 Sosiale aanpassing

Sosiale aanpassing word deur 50% respondente as 'n belangrike kriterium vir groepering van opleibare geestelik vertraagde kinders beskou. Ná chronologiese ouderdom (73%) heg opleidingsentrums die grootste waarde aan sosiale aanpassing. Rothstein sê in dié verband: "We are moving farther and farther away from the concept of the I.Q. as a single criterion, and more toward the concept of social adaptation and absorption" (p. 27). Die waarde wat aan hierdie kriterium geheg word, is begryplik, want een van die doelstellings in die opleiding van die opleibare geestelik vertraagde kind is die ontwikkeling van 'n groot verskeidenheid vaardighede om hom te help om aan te pas in sy sosiale omgewing.

Uit die literatuur word die belangrikheid van sosiale vaardighede in die opleiding van die geestelik vertraagde beklemtoon. Gunzburg (1973, p. 18) sê: "As far as social ability is concerned, it appears that education and training for adjustment to the open community can be planned without too much attention to the restrictions of the I.Q. score provided that there is minimal intellectual ability".

Gevolgtrekking

Die respondente neem, met die uitsondering van drie opleidingsentrums, meer as een kriterium in ag by die groepering van opleibare geestelik vertraagde kinders, waaronder ook Downsindroomkinders inbegrepe is.

x) Die samestelling en gebruik van hierdie skaal word in hoofstuk 10 bespreek.

Chronologiese ouderdom (73%), sosiale aanpassing (50%) en visueel-mo= toriese vaardighede (45%) word as die belangrikste kriteria beskou.

9.3 Verskille in vaardighede tussen groepe Downsindroom-en nie- Downsindroom opleibare geestelik vertraagde kinders in die algemeen

9.3.1 Vraelysresponse

Alhoewel daar groot individuele verskille by Downsindroomkinders onder= ling aangetref word, is die volgende item in die vraelys ingesluit om algemene agterstande en/of vaardighede by die Downsindroomkind te onder= skei: "Hoe vergelyk die kind met Downsindroom van 8 jr. (chronologiese ouderdom) met ander opleibare geestelik vertraagdes (van dieselfde ouder= dom) ten opsigte van die volgende vaardighede?:" visueel-motoriese en selfsorg vaardighede; skolastiese werk en sosiale aanpassing (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 5). In tabel 9.3 word die response op hierdie item weergegee.

Tabel 9.3

Vergelyking van opleibare geestelik vertraagde Downsindroom- met opleibare geestelik vertraagde nie-Downsindroomkinders met betrekking tot bepaalde vaardighede

Die kind met Downsindroom is:	baie beter		beter		dieselfde		swakker		baie swakker	
	getal	%	getal	%	getal	%	getal	%	getal	%
Visueel-motories					9	40			4	18
Selfsorg (voeding, toilet, aan- en uit= trek)	1	5	2	10	9	40			1	5
Skolastiese werk (lees, skryf, reken)					9	40			2	10
Sosiale aanpassing	4	18	5	23	3	14			1	5

Die response word weergegee deur die getal en persentasie sentrums, wat 'n bepaalde respons gelewer het, in die toepaslike ruimtes te plaas. Die getal en persentasie sentrums stem nie ooreen met die totale aantal respondente nie, omdat 'n aantal respondente geen respons in hierdie verband gelewer het nie. Die bespreking van die spesifieke response word in paragraaf 9.3.3 gedoen. Met die uitsondering van een sentrum, wat die "Gunzburg Progress Assessment Charts" vir gradering van vaardighede gebruik, berus bogenoemde gegewens uitsluitlik op observasie.

9.3.2 Navorsingsresultate

'n Opsomming van navorsingsresultate oor die vergelyking van opleibare geestelik vertraagde Downsindroom- met opleibare geestelik vertraagde nie-Downsindroomkinders word hier ingevoeg ter wille van vergelyking met vraelysresponse in hierdie verband.

In tabel 9.4 word navorsingsresultate van bepaalde studies oor verstandelike vermoëns, sensoriese prosesse en reaksietyd op stimuli en aktivering weergegee. Die resultate word in kolomme onder die volgende hoofde aangebied: -

- a. Studie: Die naam van die navorser(s) en die jaar waarin die navorsing afgehandel is, word in hierdie kolom aangebied.
- b. Opdrag: Die aktiwiteite of toetse waarop die kinders se resultate vergelyk is, word hier weergegee.
- c. Vergelykingsgroep: Die groep opleibare geestelik vertraagdes waarmee die Downsindroomkinders in elke studie vergelyk is, word in hierdie kolom verstrekk.
- d. Bevindings: Die resultate van elke studie word in hierdie kolom aangebied.
- e. Opmerkings: Johnson & Olley (1971, pp. 546 - 559) het hierdie opsomming van navorsingstudies gedoen en opmerkings oor die geldigheid van bepaalde bevindings bygevoeg.

Tabel 9.4

Resultate van studies in verband met die vergelyking van
vaardighede by opleibare geestelik vertraagde Downsindroom- en opleibare geestelik vertraagde nie-Downsindroom-
kinders

Studie	Opdrag	Vergelykingsgroep	Bevindings	Opmerkings
Verstandelike vermoëns				
1. Murphy (1956)	Stanford, Cattell, Goodenough-Draw-a-Man Test	Familiale groep (kinders met 'n familiegeskiedenis van vertraagdheid, waarby geen spesifieke redes vir vertraging gevind kan word nie) en breinbeskadigdes	Downsindroomkinders en breinbeskadigdes gelyk ten opsigte van kwantitatiewe syferresultaat; eg. dieselfde as familiales wat kwalitatiewe aspek betref	Familiale groep se samestelling is onduidelik
2. Lyle (1959)	"Minnesota Pre-school Test of Intelligence"	Nie-Downsindroomkinders	Verbale verstandsonderdom van Downsindroomkinders was laer	Hierdie onvermoë om taal en abstrakte simbole te hanteer, is nog groter by Downsindroomkinders wat in 'n inrigting versorg word
3. Lyle (1960a)	Sewe spraak- en taalopdragte	Nie-Downsindroomkinders	Downsindroomkinders toon groot agterstande in vyf van die sewe opdragte en het 'n laer verbale verstandsonderdom.	Dieselfde afleiding geld, al het die kinders in 'n inrigting opgegroeï
4. Lyle (1960b)	Respondering op verbale stimulering	Nie-Downsindroomkinders	Geen noemenswaardige vordering was by Downsindroomkinders merkbaar nie.	Geen statistiese analisering is gedoen nie

Studie	Opdrag	Vergelykingsgroep	Bevindings	Opmerkings
5. Mein (1961)	Woordeskat- en taaltoetse	Nie-Downsindroomkinders	Downsindroomkinders het 'n laer vlak van verbale funksionering	-
6. Kralarich (1959)	Cattell skaal	Breinbeskadigdes	Geen verskil in I.K. of verstandsouderdom	-
7. Nakamura (1965)	Stanford-Binet item profiel	Ongedifferensieerd	Geen verskil	-
Sensoriese prosesse				
8. O'Connor & Hermelin (1961)	Visuele en tassin vermoëns	Ongedifferensieerd	Geen verskil in visuele vermoëns; Downsindroomkinders is swaker in tassin vermoëns	-
9. Clausen (1968)	Battery toetse	Nie-Downsindroomkinders	Downsindroomkinders was swaker in visuele vermoëns	Verskille in slegs 6 van die 36 toetse was merkbaar
10. O'Connor & Hermelin (1961)	Persepsie van en vermoë om figure te skets	Nie-Downsindroomkinders	Downsindroomkinders toon 'n agterstand in tassin vermoëns	Gebrek aan detail ten opsigte van toetsprosedure en analisering
11. Knights, Hyman en Atkinson (1969)	Tassin, diskriminering en motoriese take	Kultureel-familiale groep	Downsindroomkinders toon 'n groot agterstand ten opsigte van tassin vermoëns, maar geen verskil is waargeneem in motoriese take nie	-

12. Knights, Hyman en Woyney (1965)	Vormbordtake in geblinddoekte toestand	Breinbeskadigdes	Downsindroomkinders het 'n tassin agterstand	Geen statistiese analise is beskikbaar nie
Reaksietyd op stimuli en aktivering				
13. Berkson (1960)	Reaksietyd	Ongedifferensieerd	Downsindroomkinders was stadiger	-
14. Hermelin (1964)	Waarskuwings=teken, reaksie=tyd, lig en klanke	Nie-Downsindroom=kinders en epileptici	Downsindroomkinders het vinniger op visuele waarskuwingsteken gereageer, maar baie stadiger op klanke	-
15. Berkson, Hermelin & O'Connor (1961)	Aktivering	Nie-Downsindroom=kinders	Downsindroomkinders het 'n laer velgeleidingsvermoë	-

(Johnson & Olley, 1971, pp. 546 - 559).

Samevatting van bevindings

- a. Daar is bevind dat die kwantitatiewe syferresultaat op intelligensietoetse by Downsindroomkinders en breinbeskadigdes van dieselfde ouderdom in dieselfde I.K.-groep val. Wat die kwalitatiewe aspek van intelligensie betref, is daar ooreenstemming tussen die Downsindroomkinders en die familiële groep gevind.
- b. In vier studies is daar bevind dat die Downsindroomkind 'n groot onvermoë toon om taal en ander abstrakte simbole te hanteer.
- c. 'n Algemene agterstand in tassin vermoëns is deur verskeie navorsers by die Downsindroomkind aangetoon.
- d. Daar is verder bevind dat die Downsindroomkinders vinniger op visuele stimuli as op klanke reageer.

9.3.3 Bespreking van afsonderlike vaardighede

9.3.3.1 Visueel-motoriese vaardighede

Volgens 40% van die totale aantal respondente vertoon die visueel-motoriese vaardighede van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders dieselfde vlak van funksionering as die ander opleibare geestelik vertraagde kinders in die sentrum. Die visueel-motoriese vaardighede van die Downsindroomkind is volgens 18% van die respondente swakker as dié van die ander kinders in die sentrum. Die oorblywende 42% respondente het geen respons gelewer met betrekking tot hierdie item nie. Dit kan toegeskryf word aan 'n gebrek aan kennis van die Downsindroomkinders in die sentrum wat in so 'n mate van mekaar verskil in sekere vaardighede dat 'n veralgemening nie moontlik is nie.

Swak ontwikkelde motoriese vaardighede kan veral toegeskryf word aan hipotonie (kyk par. 3.4) en gebrekkige stimulering in die kleinkinderjare (kyk par. 3.5.1).

Na die toepassing van die "Illinois Test of Psycholinguistic Abilities" op 101 Downsindroomkinders het Bilovsky bevind dat die Downsindroomkind se uitstaande vermoëns motoriese enkodering (om idees met gebare uit te

druk) en visuele dekodering (om te verstaan wat in 'n prent uitgebeeld word) is (kyk par. 4.2.6).

Gevolgtrekking

Vroeë en volgehoue stimulering is noodsaaklik om hipotonie (onvermoë tot spiersametrekking) by die Downsindroomkind uit die weg te ruim. So dra hy sy kop kan oplig en sy liggaam uit die vooroorgeboë posisie kan regop bring, het die stadium aangebreek dat hy sy omgewing visueel kan begin waarneem en motoriese handeling kan begin uitvoer. 'n Stadiger ontwikkeling in visueel-motoriese vaardighede by Downsindroomkinders, in vergelyking met ander opleibare geestelik vertraagde kinders van dieselfde ouderdom, is dus die gevolge van hipotonie.

Alhoewel die moeder oor genoegsame kennis mag beskik om die nodige visueel-motoriese stimulering aan die Downsindroomkind te gee, mag die ander kinders in die huis en haar huislike pligte meebring dat sy nie genoegsame tyd aan dié kind bestee nie. Kleutersentrumfasiliteite vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders (3 - 6 jr.) kan daarom die probleem van te min stimulering uit die weg ruim.

9.3.3.2 Selfsorg

Volgens 5% respondente leer opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders selfsorg vaardighede in 'n baie groter mate aan as ander opleibare geestelik vertraagde kinders in die sentrum. 10% respondente gradeer hierdie vaardigheid as "beter", 40% as "dieselfde" en 5% respondente beskou selfsorg vaardighede by Downsindroomkinders as "swakker" as by ander opleibares. Die oorblywende 40% respondente het geen respons gelever op hierdie item nie. Selfsorg vaardighede berus in 'n baie groot mate op die visueel-motoriese vaardighede.

Gevolgtrekking

Die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind beskik oor 'n goeie nabootsingsvermoë (kyk par. 4.2.5), wat 'n groot bate in die aanleer van

eet-, toilet-, aantrek- en uittrekgewoontes is. Ervaring, huislike agtergrond en opleidingsgeleentehede het 'n belangrike invloed op die graad van ontwikkeling wat die Downsindroomkind in selfsorg vaardighede bereik het.

Agterstande in motoriese vaardighede en oog-hand koördinasie het gebrekkige ontwikkeling van selfsorg vaardighede tot gevolg.

9.3.3.3 Skolastiese werk

Volgens 40% respondente besit die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders dieselfde vermoëns tot ontwikkeling van skolastiese vaardighede as ander opleibares in die sentrum. 10% respondente gradeer hierdie vermoë by Downsindroom as "swakker" en 5% as "baie swakker". Die oorblywende 45% respondente het geen respons gelever op hierdie item nie.

Geskrewe werk van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders, wat by die E.S. 1e Grangeskool besigtig is, toon dat hulle wel daarin slaag om letters na te boots. Die vraag is egter in watter mate die kind 'n begrip het van wat hy skryf en of dit deur blote nabootsing van letters en woorde geskied. Volgens Wallin (p. 338) kan die Downsindroomkind, volgens sy ervaring, wel leer lees, maar as gevolg van gebrekkige fyn motoriese koördinasie en lompheid moeilik leer skryf en bykans geen vermoë tot rekenwerk ontwikkel nie.

Gevolgtrekking

Onder onopvoedbaarheid word verstaan die onvermoë tot die bemeestering van skolastiese vaardighede (kyk par. 2.7). Dit is belangrik dat die Downsindroomkind sy naam en adres kan skryf en 'n sig-leeswoordeskat (woorde soos: "gevaar", "ingang", "uitgang", ens.) opbou, maar dit dien geen doel om te veel tyd aan die ontwikkeling van hierdie vaardighede te bestee nie. Dit is belangriker om klem te lê op die vaardighede waarin die kind moontlikhede tot opleibaarheid toon en hom te help om tot die beste van sy vermoëns aan te pas in die sosiale omgewing.

9.3.3.4 Sosiale aanpassing

Op hierdie item is die mees beduidende response gelewer. Volgens 18% respondente toon die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind 'n baie groter moontlikheid tot sosiale aanpassing as ander opleibare geestelik vertraagdes. 23% respondente beskou Downsindroomkinders as "beter", 14% as "dieselfde" en 5% as "swakker". Die oorblywende 40% respondente het geen respons gelewer op hierdie item nie.

Gevolgtrekking

Die 5% respondente se gradering van Downsindroomkinders as "swakker" in sosiale aanpassing, is daaraan toe te skryf dat dié sentrums Downsindroomkinders mag hê wat die tipiese koppigheid vertoon en daarom nie daarin slaag om sosiaal aan te pas nie (kyk par. 4.2.3.2). Dit mag ook wees dat dié respondente, wat die Downsindroomkind as "dieselfde" en "swakker" gradeer, nie die sosiale aanpassing van dié kinders na waarde skat nie, omdat dit moontlik deur ander persoonlikheidseienskappe vertroebel word.

Die positiewe response, nl. dat Downsindroomkinders "beter" en selfs "baie beter" as ander opleibare kinders aanpas, korreleer met navorsingsresultate, soos verkry uit die literatuurstudie (kyk par. 4.2.4).

Die terrein waarop die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind die grootste mate van opleibaarheid toon, is die terrein van sosiale aanpasbaarheid. Die I.K. van die Downsindroomkind is 'n swak voorspeller van sosiale aanpasbaarheid. Die behoefte aan 'n psigometriese hulpmiddel om die vordering in spesifieke vaardighede van die Downsindroomkinders en alle ander opleibare geestelik vertraagde kinders aan te toon, word weerspieël in die feit dat 21 van die 22 respondente se gradering van bepaalde vaardighede (kyk par. 9.3.1) op observasie berus. Slegs een sentrum maak gebruik van die "Gunzburg Progress Assessment Charts". Die praktiese gebruik van so 'n hulpmiddel in die samestelling van 'n opleidingsprogram word in hoofstuk 10 bespreek.

9.4 Kriteria vir die bevordering van alle opleibare geestelik vertraagdes

Om vas te stel of die kinders slegs op grond van chronologiese ouderdom van een groep na die volgende bevorder word, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Watter kriteria word in u sentrum aangewend vir die bevordering van al u opleibare geestelik vertraagdes na die volgende klas of groep? Nommer die belangrikste (of enigste) kriterium met die syfer 1; die tweede belangrikste met 2, ens. Nommer net die wat u gebruik" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 10a).

Die response op hierdie vraag word in tabel 9.5 aangebied (kyk p. 111).

Die getal onder die kriterium chronologiese ouderdom, keuse 1, is die getal sentrums wat dié betrokke kriterium as belangrikste riglyn vir bevordering van opleibare geestelik vertraagde kinders gebruik. Dieselfde interpreteringswyse geld by die 2de en 3de keuses van elke kriterium.

Bespreking van resultate

Volgens vraelysresponse word visueel-motoriese vaardighede as die belangrikste kriterium vir bevordering van Downsindroom- en alle ander opleibare geestelik vertraagdes beskou. Sosiale aanpassing word deur die meeste sentrums as die tweede belangrikste kriterium beskou. Chronologiese ouderdom word as die tweede belangrikste eerste keuse gegradeer.

Gevolgtrekking

Chronologiese ouderdom, aangevul met gegewens oor die vordering in visueel-motoriese en sosiale vaardighede, is die belangrikste kriteria vir die bevordering van alle opleibare geestelik vertraagde kinders na die volgende klas of groep. Observasie van hierdie vaardighede in die klaskamer behoort aangevul te word deur die toepassing van psigometriese hulpmiddels, wat op 'n populasie opleibare geestelik vertraagde kinders gestandaardiseer is.

Tabel 9.5

Bevorderingskriteria vir alle opleibare geestelik vertraagdes

Chronologiese ouderdom			Visueel-motoriese vaardighede			Sosiale aanpassing			Kennis van eie liggaam en omgewing		
1	2	3	1	2	3	1	2	3	1	2	3
6	2	4	7	2	2	2	7	2	3	3	2

9.5 Groeperingskriteria vir opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders

9.5.1 Afleidings uit vraelysresponse

- a. Vanuit vraelysresponse, soos weergegee in par. 9.2, blyk dit dat chronologiese ouderdom, sosiale aanpassing en visueel-motoriese vaardighede die belangrikste kriteria is waarvolgens groepe of klasse opleibare geestelik vertraagde kinders in opleidingsentrums in Suid-Afrika ingedeel word.
- b. Wanneer opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders met nie-Downsindroom opleibare geestelik vertraagde kinders vergelyk word ten opsigte van visueel-motoriese, selfsorg, skolastiese en sosiale vaardighede (kyk par. 9.3.1), blyk dit dat Downsindroomkinders 'n baie groter vermoë in sosiale vaardighede toon as die ander nie-Downsindroomkinders in die sentrums. Skolastiese vaardighede vertoon 'n besondere agterstand by Downsindroomkinders.
- c. Die bevordering van alle opleibare geestelik vertraagde kinders van een groep of klas na die volgende in die verskillende opleidingsentrums, word op grond van chronologiese ouderdom, visueel-motoriese vaardighede en sosiale aanpassing gedoen (kyk par. 9.4).

9.5.2 Navorsingsresultate uit die literatuurstudie

Na 'n ondersoek van Semmel (1960, pp. 963 - 970) met betrekking tot bepaalde agterstande en spesifieke vaardighede by breinbeskadigde en Downsindroom opleibare geestelik vertraagdes, kom hy tot die volgende gevolgtrekking wat groepering betref: "Present community day-schools make little attempt to consider the clinical classification of trainable retardates when determining school procedures, grouping for instruction, and curriculum. The child's intellectual capacity, social and emotional maturity, and chronological age are the principal variables determining school training procedures".

'n Gesaghebbende navorser, nl. Benda (1969), sê (p. 76): "Mongoloid children should not be trained with other low-grade mentally deficient children unless necessary, because most of the retardates of other types are not capable of much progress, whereas the mongoloid has dormant possibilities of improvement. He benefits most from a kindly atmosphere and should be surrounded by children of higher intelligence, because he learns best by copying other people".

9.5.3 Gevolgtrekking

Die betroubaarheid van vraelysresponse in die vergelyking van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders met nie-Downsindroom opleibare geestelik vertraagde kinders van dieselfde ouderdom, met betrekking tot spesifieke vaardighede (kyk par. 9.3.1), is nie hoog nie. Die eerste rede hiervoor is dat 10 van die 22 respondente (sentrums) minder as 10 opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders in die sentrum akkomodeer. Dit mag egter wel die geval wees dat die hoof en personeel van die verskillende sentrums, wat die response op die verskillende items gelewer het, op 'n ander stadium aan 'n groter aantal Downsindroomkinders opleiding verskaf het en so wel 'n grondige kennis van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders besit. 'n Gebrek aan kennis kan ook 'n verklaring wees waarom so 'n groot persentasie respondente telkens geen respons op bepaalde items gelewer het nie.

Tweedens berus die gradering van bepaalde vaardighede van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders in vergelyking met ander opleibare kinders by 21 van die 22 respondente op subjektiewe observasie. Slegs 1 sentrum maak gebruik van die "Gunzburg Progress Assessment Charts" vir gradering van vaardighede. Dit is noodsaaklik dat observasie aangevul moet word met ten minste twee objektiewe psigometriese toetse, wat op 'n populasie opleibare geestelik vertraagde kinders gestandaardiseer is. Alleen hiervolgens kan norms bereken word en betroubaarheid van resultate gewaarborg word.

In ander Europese lande het navorsers wel daarin geslaag om 'n aantal spesifieke agterstande en besondere vaardighede by opleibare geestelik vertraagde

Downsindroomkinders te onderskei (kyk par. 9.3.2), maar nie daarin geslaag om die praktiese implikasies daarvan vir die groepering van hierdie kinders in die opleidingsentrum deur te trek nie. Dit sou onwetenskaplik wees om slegs aan die hand van Benda (1969) se aanbevelings 'n konklusie in hierdie verband te trek.

9.6 Samevatting

In die eerste onderafdeling van die hoofstuk is 'n tabellariese uiteensetting gegee van groeperingskriteria, wat deur die verskillende opleidingsentrums gebruik word. Hierdie uiteensetting is gevolg deur 'n bespreking van vraelysresponse met betrekking tot elke kriterium. Daar is na elke bespreking gekom tot 'n gevolgtrekking oor die waarde van die betrokke kriterium. Chronologiese ouderdom, visueel-motoriese vaardighede en sosiale aanpassing is as die belangrikste kriteria bevind.

Tweedens is gegewens oor die vergelyking van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders en nie-Downsindroom opleibare geestelik vertraagde kinders met betrekking tot visueel-motoriese en selfsorg vaardighede, skolastiese werk en sosiale aanpassing weergegee. Navorsingsresultate uit 'n reeks studies oor hierdie onderwerp is hierna ingesluit ter wille van korrelering met vraelysresponse. Elkeen van die afsonderlike vaardighede by Downsindroomkinders is hierna bespreek. Uit vraelysresponse blyk dit dat daar agterstande in visueel-motoriese vaardighede en skolastiese werk is en dat die Downsindroomkind in 'n groter mate daarin slaag (in vergelyking met ander opleibare geestelik vertraagde kinders) om homself te versorg en sosiaal aan te pas in die omgewing.

Derdens is aangetoon dat chronologiese ouderdom, visueel-motoriese vaardighede en sosiale aanpassing as belangrikste kriteria vir die bevordering van alle opleibare geestelik vertraagde kinders in die verskillende sentrums beskou word. In die laaste afdeling is daar tot die gevolgtrekking gekom dat chronologiese ouderdom die belangrikste kriterium is vir die groepering van alle opleibare geestelik vertraagde kinders, met die voorbehoud dat die Downsindroomkind aanspraak maak op 'n groot mate

van individualisering in sy opleiding en dat sy opleidingsprogram voorsiening moet maak vir spesifieke agterstande en besondere vaardighede.

In hoofstuk 10 sal 'n opleidingsprogram saamgestel word wat rekening hou met die spesifieke agterstande en besondere vaardighede van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind.